# HOOFSTUK 5

## DIE SKOOLONDERSTEUNINGSPAN: TOEPASSING VAN KRITERIA VIR DOELTREFFENDHEID, BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SINOPSIS

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die bevindings en gevolgtrekkings van die toepassing van kriteria vir doeltreffendheid op die ingesamelde data oor die SOS beskryf. Die aanbevelings wat hieruit voortspruit word aangedui en ten slotte word ’n sinopsis van die studie aangebied.

Met die bespreking van die kriteria, word die bevindings by elke onderafdeling afsonderlik aangedui. Ten einde verwysing te vergemaklik, word die numerering van kriteria en onderafdelings, soos in 4.7, behou. Aan die einde van elke kriterium volg ’n samevattende evaluering van doeltreffendheid van al die aspekte wat in die betrokke kriterium behandel is. Die samevattende evaluerings word op ’n holistiese wyse saamgestel en bied ’n geheelbeeld van bevindings van die betrokke kriterium en is nie die resultaat van ’n meganistiese optelsom van die resultate van die onderskeie onderafdelings nie.

By elke kriterium word indikatore gebruik om die graad van doeltreffendheid van die betrokke kriterium te beskryf. Hierdie aanwysers val binne die raamwerk van ’n kwalitatiewe beoordeling aangesien hierdie studie ’n interpretatiewe paradigma onderskryf en ’n kwalitatiewe benadering volg. Die indikatore is die volgende:

i) **Doeltreffend**: Die vyf geselekteerde skole voldoen aan alle of feitlik alle vereistes van die kriterium.

ii) **Redelik doeltreffend**: Die vyf geselekteerde skole voldoen aan die meeste van die vereistes van die kriterium, maar bepaalde leemtes kom voor.

iii) **Ondoeltreffend**: Die vyf geselekteerde skole voldoen aan slegs enkele (of geen) van die vereistes van die kriterium en groot leemtes kom voor.

Dié bespreking word gevolg deur aanbevelings wat uit die bevindings voortspruit. Hierdie aanbevelings fokus op bepaalde aspekte wat waarskynlik die doeltreffendheid van die SOS binne die raamwerk van die IO in Suid-Afrika kan verhoog. Die hoofstuk word afgesluit met 'n sinopsis van die studie wat die primêre navorsingsprobleem, sub-navorsingsprobleme, konseptuele raamwerk, beperkings en moontlike bydrae van die studie aanbied.

## 5.2 BEVINDINGS VAN TOEPASSING VAN KRITERIA VIR DOELTREFFENDHEID

Nadat die elf kriteria vir die evaluering van doeltreffendheid op die data (vgl Hoofstuk 4) toegepas is, is die volgende bevind ten opsigte van doeltreffendheid van die SOS in die vyf geselekteerde skole.

### 5.2.1 KRITERIUM 1: DOEL EN BELEID

i) Die doel en beleid van die SOS soos geformuleer deur die nasionale en provinsiale owerhede en interne beleidmakers, is deur die meeste van die geselekteerde skole ontvang en aan die lede van die SOS en ander betrokkenes beskikbaar gestel (vgl Tabel 4.6).

ii) Die doel en beleid (vgl i) word in al die geselekteerde skole ondersteun deur 'n interne SOS-beleidsdokument wat deur die skool vir sy eie konteks en omgewing saamgestel is. In die meeste gevalle is hierdie beleidsdokument in besonderhede geformuleer en bied dit die visie en doelstellings van die betrokke SOS, sowel as duidelike praktiese riglyne (vgl Tabelle 4.6; 4.7; 4.26).

iii) Die doel en beleid van die SOS soos in (i) en (ii) hierbo, word slegs in 'n paar skole doeltreffend geïmplementeer. In ander gevalle is die praktiese uitvoerbaarheid daarvan 'n probleem. Deelnemers rapporteer dat onvoldoende hulp deur opvoeders en ouers/versorgers ondervind word en dat invloede uit die omgewing die implementering van die beleid beperk. Ontoereikende kennis by sommige opvoeders oor die werkswyse van die SOS, sowel as onbewustheid by sommige ouers van die bestaan van die SOS, word verder as redes vir die ondoeltreffende implementering van die beleid beskou. 'n Gebrekkige kommunikasie tussen die departement en

sommige van die skole in verband met beleidsake is ook gerapporteer (vgl Tabel 4.9).

**Evaluering:**

Die SOS in die geselekteerde skole funksioneer **redelik doeltreffend** in terme van Kriterium 1, aangesien die nasionale en provinsiale beleidsdokumente ten opsigte van die SOS wél deur die meeste skole ontvang en aan die betrokkenes beskikbaar gestel is. Interne SOS-beleidsdokumente is verder in al vyf skole beskikbaar. Daar bestaan egter praktiese uitdagings ten opsigte van die *implementering* van die SOS-doelstellings en beleid, waaronder die praktiese uitvoerbaarheid daarvan, beperkte hulp deur opvoeders en ouers, invloede uit die omgewing, beperkte kennis by sommige opvoeders ten opsigte van die werkswyse van die SOS, die onbewustheid by sommige ouers van die bestaan van die SOS, sowel as 'n gebrekkige kommunikasie tussen die departement en sommige van die skole in verband met beleidsake.

### 5.2.2 KRITERIUM 2: SAMESTELLING

i) Die aantal SOS-lede word by al die geselekteerde skole bepaal deur die geïdentifiseerde behoeftes van die skool, die behoeftes van LLOH, sowel as die beskikbare mensekrag (vgl Tabel 4.26).

ii) Die SOS in die geselekteerde skole bestaan meestal uit kundige en ervare personeellede (vgl Tabelle 4.2; 4.18). Die SOSKO/LO's vervul 'n deurslaggewende rol. Verteenwoordigers van die distriksondersteuningspan en kundiges uit die gemeenskap, sowel as ouers/versorgers, word waar nodig by hulpverlening betrek (vgl Tabelle 4.16a; 4.16b). Die SOS-kernlede word meestal as baie ervare opvoeders beskou. Indien SOS-lede nie oor die nodige kundigheid en ervaring beskik nie, word daar gerapporteer dat dit spanning, 'n gevoel van ontoereikendheid en depressie by die betrokke lede meebring.

iii) By sommige van die geselekteerde skole bestaan die SOS-kernlede uit die hele personeel. Waar die SOS slegs uit twee lede bestaan, vorm die SOSKO en LO die kernlede. Enkele skole se kernlede bestaan uit 'n LO wat gewoonlik as SOSKO optree, departementshoofde van fases en graadhoofde. Die meeste skoolhoofde is ook deurgaans by die SOS betrokke. Verder is 'n assesseringskomiteelid, sowel as

'n lid van die leerondersteuningsbronnekomitee, in die meeste gevalle ook SOS-kernlede (vgl Tabelle 4.10; 4.13; 4.14). Soms is 'n SOS-kernlid deel van die skoolbeheerliggaam. Die uitbreiding van die SOS-kerngroep deur die aanstelling van 'n addisionele LO word deur die meeste skole sterk aanbeveel.

iv) Klasopvoeders word by al die skole as tydelike SOS-lede betrek. Vrywillige hulpspanne in fase-verband, sowel as ouers/versorgers, lede van die distriksondersteuningspan, skoolsielkundiges en skoolklinieke word by sommige van die skole se spanne betrek. Soms word 'n lid van die beheerliggaam en betrokkenes uit die gemeenskap ook by die SOS betrek. Verder tree klashulpe/klasassistente by enkele skole as tydelike lede op wat by die hulpverlening aan LLOH en opvoeders betrokke is (vgl Tabelle 4.16a; 4.16b).

v) Kontinuïteit ten opsigte van spansamestelling word sover moontlik by die meeste skole gehandhaaf (vgl Tabel 4.22).

**Evaluering:**
Die samestelling van die SOS soos in Kriterium 2 geformuleer is **doeltreffend** bevind in die deelnemende skole in hierdie studie ten opsigte van die aantal spanlede, die gekose kern- en tydelike lede, die kundigheid en ervaring van SOS-lede, sowel as die toepassing van kontinuïteit.

### 5.2.3 KRITERIUM 3: GESINDHEID EN INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

Alhoewel doeltreffende SOS-lede se persoonlike eienskappe en interpersoonlike verhoudings nie spesifiek deur die navorser getoets is nie, blyk die volgende soos deur die deelnemers gerapporteer:

i) Die meeste SOS-lede besit volgens die deelnemers die nodige persoonlike eienskappe sowel as 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van die SOS, sy werksaamhede en teikengroepe. Hardwerkendheid, toegewydheid, verantwoordelikheid, ingeligtheid, liefdevolheid, goeie kommunikasie, menseverhoudings en vertroue word as uitstaande persoonlike eienskappe en interpersoonlike dinamiek beskou. In gevalle waar dit klaarblyklik ontbreek, word sommige pligte deur ander spanlede oorgeneem en lei dit dikwels tot die oorlading van sekere lede se werkslas. Minder positiewe gesindhede en ingesteldhede wat

gedurende individuele en fokusgroeponderhoude as praktiese uitdagings gerapporteer is, sluit in negatiwiteit en moedeloosheid ten opsigte van verwysingsprosedures, hulpverlening, algemene omstandighede en administratiewe verpligtinge (vgl Tabelle 4.20a; 4.20b; 4.21; 4.38; 4.52).

ii) Daar bestaan oor die algemeen 'n goeie gesindheid en positiewe verhoudings tussen SOS-lede onderling, asook tussen spanlede en betrokkenes uit die gemeenskap. By sommige skole is van die SOS-lede egter onbetrokke en kan 'n spanbenadering nie realiseer nie as gevolg van oorlaaide buitemuurse programme. Dit het soms tot gevolg dat die SOSKO/LO as 'n "eenmanspan" funksioneer. Daar was duidinge uit die bevindinge van hierdie studie dat dit tot 'n belewing van oorlading en eensaamheid kan aanleiding gee (vgl Tabel 4.21).

**Evaluering:**
Oor die algemeen funksioneer die SOS in die skole in hierdie studie **redelik doeltreffend** in terme van Kriterium 3. Alhoewel minder positiewe gesindhede en ingesteldhede by sommige SOS-lede voorkom (vgl bostaande [i] en [ii]), bestaan daar oor die algemeen goeie gesindhede en positiewe verhoudings tussen lede onderling, en beskik die meeste lede (soos gerapporteer deur deelnemers) oor die nodige persoonlikheidseienskappe.

### 5.2.4 KRITERIUM 4: INFRASTRUKTUUR EN HULPBRONNE

i) 'n Aantal skole ervaar die infrastruktuur, hulpbronne, 'n veilige fisiese leeromgewing, klaskamergroottes, watervoorsiening en badkamergeriewe as redelik voldoende. By een skool is die toeganklikheid van die fisiese omgewing vir leerders met fisiese hindernisse doeltreffend (vgl Tabel 4.23). Enkele skole se deelnemers het gerapporteer dat daar beperkte gebruik van onderrighulpbronne en ondoeltreffende leeromgewings ten opsigte van die plek van onderrig en die fisiese grootte van klaskamers bestaan. Alhoewel sommige deelnemers die ruimte en onderrigstruktuur in klaskamers as "leerder-vriendelik" beskryf, is daar gerapporteer dat opvoeders dikwels oorvol klasse as gevolg van groot leerdergetalle het (vgl Tabelle 4.24; 4.39; 4.40).[17]

[17] Alhoewel deelnemers van een skool aangedui het dat hul onderrigklasse redelik klein is, het die deelnemers van die ander vier skole die groot getal leerders in klasse beklemtoon wat hulpverlening in klasverband bemoeilik. Deelnemers van vier skole wys verder daarop dat daar hoë getalle LLOH in groot klasse is wat hulp benodig.

ii) Tydens observasie deur die navorser is daar bevind dat die nodige fisiese hulpbronne vir die suksesvolle administrasie van die SOS wél by die skole bestaan. Die beskikbaarheid van fondse, voedsel en vervoer deur interne (skool en ouers), sowel as eksterne instansies (distrik, privaatsektor en gemeenskap), word by die meeste van die skole gevind, alhoewel die vervoer van leerders by een skool problematies is (vgl Tabelle 4.23; 4.25).

iii) Die nodige kurrikulum-materiaal en leerprogramme is beskikbaar vir opvoeders en LLOH en maak voorsiening vir verskillende leerbehoeftes. Dit word intern ontwerp of deur die distrik, privaatsektor en gemeenskap aan die skole verskaf (vgl Tabel 4.23).

**Evaluering:**

Oor die algemeen funksioneer die SOS in die geselekteerde skole **redelik doeltreffend** gemeet aan Kriterium 4. Alhoewel die infrastruktuur en hulpbronne grotendeels by die geselekteerde skole aanwesig is, is die fisiese leeromgewing en klasgroottes by sommige skole problematies.

### 5.2.5 KRITERIUM 5: ORIËNTERING EN OPLEIDING

i) Kern- en tydelike SOS-lede, sowel as ander betrokkenes, is nie almal voldoende georiënteer en opgelei betreffende die SOS en sy werksaamhede nie. Deelnemers aan die onderhoude het gerapporteer dat die meeste SOS-lede beperkte oriëntering en opleiding ten opsigte van die nasionale en provinsiale beleid en interne riglyne ontvang het, alhoewel die gestruktureerde vraelys aandui dat oriëntering en opleiding meestal wel in hierdie verband plaasgevind het (vgl Tabelle 4.26; 4.19; 4.28; 4.6).

iii) Kundiges verskaf nie op 'n deurlopende basis toepaslike oriëntering en opleiding aan alle SOS-lede en betrokkenes nie. In gevalle waar dit wel plaasgevind het, is dit deur die SOSKO behartig, terwyl eksterne opleiding deur die distrik of kundiges uit die gemeenskap verskaf is. Eksterne oriëntering en opleiding word egter tot die SOSKO/LO beperk. Deurlopende opleiding vir SOS-lede en betrokkenes vind minimaal plaas, aangesien gereelde vergadertye nie altyd prakties moontlik is nie. Die behoefte aan formele oriëntering- en opvolgsessies vir die SOS en ander betrokkenes, het duidelik na vore gekom (vgl Tabelle 4.27; 4.28).

**Evaluering:**

Gemeet aan Kriterium 5, kan oriëntering en opleiding as **ondoeltreffend** geklassifiseer word wat betref die SOS'e in hierdie studie. Die oriëntering en opleiding van die SOS-lede is onvoldoende, aangesien toepaslike oriëntering en opleiding aan alle SOS-lede en betrokkenes nie op 'n deurlopende basis deur kundiges verskaf word nie. Indien eksterne oriëntering en opleiding wel plaasvind, word slegs die SOSKO/LO betrek. Oriëntering en opleiding word om bogenoemde redes as praktiese uitdaging uitgelig vir die doeltreffende funksionering van hierdie SOS'e.

### 5.2.6 KRITERIUM 6: VERGADERINGS

i) By die meeste skole in hierdie studie is daar vasgestelde SOS-vergadertye. Dikwels word informele vergaderings op geskikte tye gehou. By enkele skole vorm die vasgestelde vergadertye 'n integrale deel van die skooljaarprogram. Soms word daar te min tyd vir vergaderings in die besige skoolprogram gemaak, en indien dit wel geskeduleer word, word vergadertye nie altyd optimaal benut nie aangesien besprekings soms te lank duur (vgl Tabelle 4.31; 4.32).

ii) By die meeste skole word formele vergaderingsprosedures gehandhaaf. Notules word gereeld geneem, besluite aangeteken en die SOSKO/LO tree gewoonlik as voorsitter op(vgl Tabel 4.31).

iii) Besprekings en besluitneming vind by die meeste skole in die span plaas. Besluite word as "ons besluite" beleef en die verantwoordelikheid vir die besluite word deur al die lede gedra. By enkele skole word besluite slegs deur die SOSKO/LO geneem, sonder om die SOS-kernlede te raadpleeg (vgl Tabelle 4.31; 4.32).

**Evaluering:**

Die SOS in die geselekteerde skole funksioneer **redelik doeltreffend** in terme van Kriterium 6, aangesien vasgestelde SOS-vergadertye, sowel as formele vergaderingsprosedures deur die meeste skole gehandhaaf word. Praktiese uitdagings is die feit dat die SOS-vergaderings soms nie op die jaarprogram aangetoon word nie en dat besluite by enkele skole nie altyd in spanverband geneem word nie.

### 5.2.7 KRITERIUM 7: ALGEMENE WERKSWYSE EN ROL- EN FUNKSIEVERDELING

i) Goeie beplanning, holistiese probleem-oplossingstrategieë, sowel as die gebruik van toepaslike dokumentasie en intervensie-vorms, word by die meeste SOSKO/LO's gevind (vgl Tabel 4.7). Die rol en funksies van die SOSKO/LO in die skole sluit in die samestelling van die SOS, koördinering van die SOS-werksaamhede, skakeling tussen betrokkenes, administratiewe pligte, sowel as die organisasie van deurlopende opleiding. Aangesien ander SOS-lede en tydelike SOS-deelnemers in die meeste gevalle die SOSKO/LO as die "span" beskou, word die meeste algemene SOS-pligte ook op die skouers van dié persoon geplaas. Dit veroorsaak bykomende werksaamhede wat dikwels vir die SOSKO/LO moeilik uitvoerbaar is. Derhalwe beleef heelwat SOSKO/LO's hul rol en funksies as veeleisend met beperkte tyd vir administratiewe pligte (vgl. Tabelle 4.29; 4.30)

ii) Die meeste skoolhoofde is positief betrokke by die SOS en hou oorkoepelend toesig oor die werksaamhede daarvan. Verder tree hulle as skakelpersone tussen die SGB, betrokkenes en belanghebbendes op (vgl Tabel 4.29).

iii) Alhoewel die klasopvoeders by die meeste van die skole hulle verantwoordelikhede ten opsigte van LLOH nakom, is die daarstel en implementering van die IOOP, sowel as hulpverlening in klasverband, vir hulle problematies. Heelwat klasopvoeders voel nie opgewasse vir hul hulpverleningstaak nie en verskuif eerder hul rol as eerstefase-hulpverlener direk na die SOSKO/LO (vgl Tabelle 4.30; 4.44).

iv) Alhoewel sommige deelnemers aangedui het dat SOS-lede deelneem aan besprekings, besluitneming en die formulering van die IOOP (vgl Tabel 4.29), is gevind dat dié prosedure slegs deur enkele skole gevolg word, aangesien die SOSKO/LO dikwels die werk van SOS-lede oorneem (vgl Tabelle 4.30; 4.35). Opvolg-evaluering en hersiening van die IOOP word in die meeste skole vervang deur 'n direkte verwysing van die LLOH na die distrik. Skriftelike en mondelinge terugvoer word wel aan betrokkenes en soms aan die skoolbeheerliggaam gegee. Ondersteuning en leiding aan LLOH, opvoeders en ouers/versorgers vind in die meeste skole plaas, alhoewel die IOOP nie altyd aan die betrokkenes beskikbaar gestel word nie. Verder vind monitering en self-evaluering van aspekte soos infrastruktuur, hulpbronne, werkswyses, prosedures en hulpverlening deur die SOS

in ’n geringe mate plaas, terwyl informele self-evaluering meer gereeld voorkom (vgl Tabelle 4.35; 4.36; 4.37; 4.40).

**Evaluering:**

Die SOS in die geselekteerde skole funksioneer **redelik doeltreffend** in terme van Kriterium 7. By bestudering van die relevante dokumentasie deur die navorser is goeie beplanning, die gebruik van toepaslike dokumente en intervensie-vorms waargeneem. Alhoewel sommige deelnemers gerapporteer het dat SOS-lede wel positief betrokke is en aan besprekings en besluitnemings deelneem, word die werksprosedures, formulering van die IOOP, die rolverdeling van klasopvoeders by die implementering van die IOOP, die werkslading van die SOSKO/LO en gereelde monitering van die funksioneringsvlak van die SOS as praktiese uitdagings beskou.

### 5.2.8 KRITERIUM 8: HULPVERLENING AAN LLOH: PROSEDURES

Duidelike kronologiese prosedures is deur die navorser by die meeste skole waargeneem:

i) Ná identifisering van LLOH, word eerstefasehulp in party skole deur fase-besprekings of ’n didaktiese hulpspan, in faseverband aangebied.[18] ’n SOS-verwysingsvorm word deur die klasopvoeder in al die skole ingevul indien die nodige uitkomste in klasverband nie bereik is nie. Inligting word in al die skole aan die ouers/versorgers aangaande die LLOH se leer- en ontwikkelingshindernis(se) deurgegee deur ’n gesprek met die ouers/versorgers te reël of deur skriftelike kennisname. By al die skole word hulpverleningstoestemming vir die betrokkenheid van ander rolspelers van die ouers/versorgers verkry, sowel as ’n departementele verwysing (vgl Tabelle 4.33; 4.43; 4.44).

ii) In sommige skole word die LLOH verder deur die SOS geassesseer en relevante leerderinligting geïnterpreteer ten einde ’n goeie begrip van die LLOH te verkry. By die meeste skole word ’n IOOP vir die LLOH deur die SOS geformuleer. Klas-opvoeders by meeste skole ontvang egter nie die IOOP vir implementering nie (vgl Tabelle 4.43; 4.44). Deurlopende monitering, evaluering, opvolg-assessering, sowel as die hersiening en aanpassing van die IOOP, word deur die SOSKO/LO gedoen en

---

[18] Die LLOH word binne faseverband bespreek en strategieë vir hulpverlening word voorgestel. Soms word ’n didaktiese span uit opvoeders saamgestel wat aan LLOH op ’n gereelde basis ná skool onderrighulp verleen. Hierdie eerstefasehulp word beskou as ’n verlengstuk van die SOS en verlig die werkslas van die SOS.

vind in sommige skole plaas. In enkele skole word psigometriese toetse[19] nog deur sommige LO's by die assessering van die LLOH toegepas (vgl Tabel 4.44).

iii) In al die skole word die LLOH na die LO verwys vir verdere hulpverlening[20]. Hierdie verwysing geskied soms direk vanaf die klasopvoeder en nie deur die regte verwysingsprosedures nie (vgl ook [vii] hieronder). Indien die verlangde uitkomste na 'n tydperk van hulpverlening nog nie bereik is nie, word die DOS betrek (vgl Tabel 4.33).

iv) Voorlegging deur die SOSKO/LO ten opsigte van moontlike alternatiewe plasings en die nodige dokumentasie word aan die DOS voorsien. Ouers/versorgers word hieromtrent ingelig en terugvoering sowel as opvolgsessies word deur die LO aan opvoeders, ouers/versorgers en die distrik gegee. By die meeste skole verskaf die LO die nodige hulpverlening aan LLOH, indien die DOS nie die LLOH na 'n gespesialiseerde leeromgewing (skool) verwys nie (vgl Tabelle 4.33; 4.43).

v) Die samestelling van 'n nuwe IOOP deur die SOS (SOSKO/LO), as gevolg van nuwe inligting vanaf die DOS, vind slegs by 'n paar skole plaas. Ouers/versorgers van die meeste skole word wel by terugvoering betrek, maar nie by die formulering van die nuwe IOOP nie (vgl Tabelle 4.33; 4.43; 4.50).

vi) Geen aanduiding van kontrole deur die SOS ná oorplasing van die LLOH na alternatiewe gespesialiseerde programme en die terugplasing na hul oorspronlike leeromgewing, is waargeneem nie (vgl Tabelle 4.33; 4.44).

vii) By sommige skole word LLOH direk ná identifisering van hindernisse na die LO gestuur vir hulpverlening, waar besluite hoofsaaklik deur die LO of hoof geneem word. Die klasopvoeder implementeer nie die IOOP in die klassituasie nie, aangesien die LO die plig van die klasopvoeder oorneem (vgl Tabelle 4.33; 4.44).

viii) As gevolg van (vii) hierbo vind die beskikbaarstelling, hersiening en aanpassing van die IOOP nie in sommige skole plaas nie, en word die verwysingsprosedure aangepas met die hulp van die LO en DOS (vgl Tabelle 4.33; 4.43; 4.44).

---

19 Volgens die *Department of National Education* (2006:17) is die aanvraag vir, asook die organisering en afneem van psigometriese toetse by die LLOH in skole nie meer toelaatbaar nie.

20 Slegs een opvoeder het gerapporteer dat sy die LLOH nie na die LO stuur nie, maar wel hulpverlening aan die LLOH in klasverband aanbied (vgl Tabel 4.64:LO, FGSOS 4:15 D.2)

ix) Enkele skole verwys LLOH by geleentheid soms na buite-spesialiste. Uitplasing van die LLOH na 'n gespesialiseerde leeromgewing word deur die meeste skole as problematies beskou, aangesien die prosedure volgens hulle besonder tydsintensief is (vgl Tabelle 4.33; 4.43; 4.44, 4.52).

**Evaluering:**
Die SOS in die geselekteerde skole funksioneer **redelik doeltreffend** in terme van Kriterium 8. Alhoewel die hulpverleningsprosedure in die meeste skole nie slaafs gevolg word nie, word 'n prosedure wel gevolg waartydens ondersteuning en hulp aan LLOH gegee word. Praktiese uitdagings wat geïdentifiseer is, sluit tydrowende prosedures, hulpverlenings-verantwoordelikhede wat direk in die hande van die LO geplaas word, die feit dat die IOOP nie beskikbaar gestel en later opgevolg word nie, en die afneem van psigometriese toetse in die skole, in.

### 5.2.9 KRITERIUM 9: HULPVERLENING AAN DIE LLOH: ROLSPELERS EN HUL FUNKSIES

i) In die geval van die meeste skole in hierdie studie identifiseer en assesseer die klasopvoeder die LLOH. Hulpverlening word egter slegs in enkele skole deur die klasopvoeder toegepas met hulp en ondersteuning in fase-verband, die didaktiese span of die LO.[21] Die hulpverlening aan die LLOH word in hierdie skole deur die fase-opvoeders en die didaktiese span bespreek. Voorstelle vir oplossingstrategieë word deur die fase-opvoeders aangebied en dikwels deur die didaktiese span geïmplementeer. Verder gee opvoeders in die meeste skole gereeld terugvoering en inligting deur aan die ouers/versorgers en verleen hulp aan die ouers/versorgers om 'n toestemmingsbrief vir verdere verwysing in te vul. Alhoewel enkele klasopvoeders beskikbare IOOP'e implementeer, word die implementering van die IOOP as problematies beskou (vgl Tabelle 4.43; 4.44).

ii) Assessering van aangemelde LLOH, sowel as die formulering van 'n IOOP, word in die meeste gevalle deur die SOSKO/LO as SOS-kernlid behartig en nie deur die volle SOS nie. Verder word hulpverleningsbesluite in die meeste gevalle deur die SOS-kernlede geneem. Alhoewel daar by al die skole gereeld opvolggesprekke tussen SOS-lede en ander betrokkenes plaasvind, vind deurlopende monitering van

[21] Hierdeur bly die LLOH deel van die klasonderrig, word die kurrikulum vir hom aangepas en verloor hy geen klaswerk nie. Hierdie hantering van hulpverlening aan die LLOH onderskryf die inklusiewe onderwysbeginsel.

die LLOH in sekere skole wel plaas. Verder word die IOOP, indien beskikbaar, slegs in 'n enkele skool deur die SOSKO/LO hersien en aangepas. Skakeling met die gemeenskap vir hulpverlening vind op 'n gereelde basis in al die skole plaas. Indien hulpverlening reeds toegepas is, maar die verlangde uitkomste nie bereik is nie, word die LLOH gewoonlik by die DOS vir moontlike uitplasing aangemeld. Geen aanduiding is gevind dat monitering van 'n teruggeplaasde LLOH deur die SOS plaasvind nie, aangesien dit blyk dat geen LLOH nog ná uitplasing weer in sy oorspronklike leeromgewing teruggeplaas is nie (vgl Tabelle 4.33; 4.43; 4.44).

iii) Ondersteuning en hulpverlening deur die SOSKO/LO aan LLOH geskied in al die skole in groepsverband.[22] Onderwys- en ontwikkelingsprogramme word deur die SOSKO/LO in die hulpverleningsproses gebruik. By skole waar die SOSKO en LO dieselfde persoon is, sluit die hulpverleningsrol en funksie van dié persoon assessering, rekordering, deurlopende ondersteuning, betrokkenheid en die monitering van die LLOH in (vgl Tabel 4.43).

Aangesien sommige LO's by meer as een skool aangestel is, ontstaan daar dikwels probleme met die praktiese uitvoerbaarheid van die hulpverlening. Tydroosters en werkskedules van die LO is onbevredigend as gevolg van die feit dat die LO slegs een keer per week vir kort periodes hulpverlening aan die LLOH kan bied en hulpverlening in die meeste skole nie in klasverband deurlopend aangebied word nie (vgl Tabelle 4.41; 4.42).

iv) Enkele skole se ouers/versorgers is direk by die hulpverlening aan die LLOH betrokke deurdat hulle toestemming vir hulpverlening gee. Dié ouers/versorgers is verder betrokke by die besluitneming betreffende hulpverlening, alhoewel hulle nie fisies by vergaderings teenwoordig is of hulpverlening tuis aan die LLOH bied nie. Verder gebruik enkele skole ouers/versorgers as tydelike helpers om leerders met leesonderrig by te staan. Daar is wel heelwat skole in die studie waar sommige van die ouers/versorgers onbetrokkenheid is (vgl Tabelle 4.43; 4.44).

v) Assessering van LLOH deur die DOS vind by die meeste skole plaas, indien 'n leerder se vordering nie na wense is nie. Uitplasing van LLOH na gespesialiseerde leeromgewings (skole) vind by sommige skole plaas (vgl Tabelle 4.33; 4.43; 4.44).

[22] Inklusiewe onderwys word egter nie in die meeste van die skole toegepas nie, aangesien die LLOH deur die LO uit die klassituasie onttrek word vir hulpverlening. Die tradisionele mediese benadering word dus nog gevolg. Hierdeur verloor die LLOH dikwels klaswerk en word hy as "anders" beskou.

vi) Die meeste skole ontvang gereeld ondersteuning van en hulpverlening deur gemeenskapsorganisasies in die vorm van donasies, fondse en voedsel, terwyl die Departement van Gesondheid soms by skole betrokke is (vgl Tabel 4.23; 4.43).

**Evaluering:**

Die SOS in die geselekteerde skole funksioneer **redelik doeltreffend** in terme van Kriterium 9 deurdat hulpverlening en monitering van die LLOH wel toegepas word, sowel as terugvoering aan betrokkenes. Betrokkenheid van die DOS en gemeenskap by die hulpverlening is ook teenwoordig. Die implementering, hersiening en aanpassing van die IOOP, ouer-onbetrokkenheid by hulpverlening, sowel as die praktiese uitvoerbaarheid van die SOSKO/LO-pligte, word as praktiese uitdagings beskou.

### 5.2.10 KRITERIUM 10: HULPVERLENING AAN DIE OPVOEDER

i) Die lede van die SOS is by die meeste skole bewus van en sensitief vir die behoeftes en gevoelens van die verwysende opvoeder. Samewerking, besprekings en ondersteuning vind in al die skole plaas om opvoeders se persoonlike gevoelens van onsekerheid, ontoereikendheid en frustrasie aan te spreek. Berading, hulp en raad op persoonlike vlak word ook aan sommige opvoeders in sekere skole gebied (vgl Tabel 4.45; 4.47).

ii) Alhoewel daar gerapporteer is dat 'n verskeidenheid hulpverleningstrategieë deur die SOS'e in al vyf skole ontwikkel en geïmplementeer is en deurlopende opleiding deur die distrik, gemeenskap en SOS-lede aan die opvoeders verskaf is (vgl Tabel 4.27), het deelnemers in al die skole gerapporteer dat die deurlopende opleiding onvoldoende is (vgl Tabelle 4.46; 4.48). Die gebrek aan genoegsame deurlopende opleiding ten opsigte van hulpverlening aan die LLOH en die toepassing van die IO-beginsels is deur die opvoeders geïdentifiseer.

(iii) Gebrekkige implementering van die IOOP deur opvoeders is gerapporteer. Dit word slegs by enkele skole deur die klasopvoeder geïmplementeer, terwyl die klasopvoeders van heelwat skole geen IOOP'e van die SOS ontvang nie (vgl Tabel 4.30)

(iv) Gereelde terugvoer en opvolgbesprekings vind wel in die meeste skole tussen die SOS en opvoeders plaas (vgl Tabelle 4.33; 4.43; 4.47).

**Evaluering:**

Die SOS in die geselekteerde skole funksioneer **redelik doeltreffend** in terme van Kriterium 10, aangesien die opvoeders in hul hulpverleningstaak deur die SOS ondersteun word en samewerking, besprekings en terugvoering plaasvind. Alhoewel deurlopende opleiding plaasvind, is dit vir die opvoeders nie voldoende nie. Dit, sowel as die beskikbaarstelling van 'n IOOP aan die opvoeder in sy hulpverleningstaak en die gebrekkige implementering van die IOOP, benodig aandag.

### 5.2.11 KRITERIUM 11: HULPVERLENING AAN DIE OUER/VERSORGER

i) Bewustheid van en sensitiwiteit by die SOS vir die behoeftes en gevoelens van die ouers/versorgers van die LLOH, is by al vyf skole gevind. In die meeste gevalle is die ouers/versorgers se hulpverleningsbehoeftes vir hul LLOH finansieel van aard. Die SOS kan deur subsidies en skenkings in 'n hoë mate aan die spesifieke behoeftes van die ouers/versorgers voldoen. Verder is daar by die ouers/versorgers van die LLOH in hierdie studie, dikwels 'n gevoel van onsekerheid ten opsigte van hulle rol in die hantering van die LLOH. In sommige skole bied die SOSKO/LO berading aan ouers/versorgers indien hulle daarvoor opgelei is (vgl Tabelle 4.49; 4.50; 4.25).

ii) Volgens die bevindinge van hierdie studie is daar onvoldoende bewustheid by ouers/versorgers oor die SOS in die betrokke skool en die dienste wat dit kan bied. Alhoewel skole aangedui het dat voldoende inligting in hierdie verband aan die ouers/versorgers deurgegee is, is geen ondersteunende data van enige doelbewuste oriëntering van die ouers/versorgers ten opsigte van die SOS gevind nie. Gevolglik is ouers/versorgers dikwels oningelig oor die SOS en wat dit vir hulle kan bied. Die meeste ouers/versorgers in hierdie studie is nie bewus van die bestaan van so 'n span nie (vgl Tabel 4.51).

iii) Ouers/versorgers van die meeste skole kry deurlopende ondersteuning en terugvoer ten opsigte van die LLOH se behoeftes en vordering. In slegs twee skole neem die ouers/versorgers aan besprekings en besluitneming deel. By die meeste skole vind mondelinge, skriftelike en telefoniese terugvoering aan ouers/versorgers plaas (vgl Tabel 4.50).

iv) In ’n paar skole ondersteun die SOS die ouers/versorgers ten opsigte van die toepassing van probleemoplossingstrategieë. Leiding in hierdie verband word gewoonlik deur die SOSKO/LO verskaf. Die onbetrokkenheid van vele ouers/versorgers kortwiek egter die SOS se funksie in hierdie opsig (vgl Tabel 4.17).

v) In ’n paar skole vind opleiding plaas om die ouers/versorgers te bemagtig oor hulpverlening en algemene sake betreffende die LLOH. Die ongeletterdheid van ouers/versorgers, onsuksesvolle kommunikasie en beperkte gesamentlike verantwoordelikheid is egter oor die algemeen praktiese uitdagings (vgl Tabel 4.51).

**Evaluering:**
Die SOS in die geselekteerde skole funksioneer **redelik doeltreffend** in terme van Kriterium 11. Die SOS en gemeenskap ondersteun die ouers/versorgers in hul finansiële behoeftes, gee terugvoer ten opsigte van die hulpverlening aan LLOH, sowel as opleiding in algemene sake. Die onbetrokkenheid en ongeletterdheid van ouers/versorgers, onvoldoende oriëntasie ten opsigte van die SOS, onsuksesvolle kommunikasie, sowel as ’n gebrek aan gesamentlike verantwoordelikheid tussen ouers/versorgers en die SOS word as praktiese uitdagings beskou.

## 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Die toepassing van die kriteria in 5.2 het bepaalde sterkpunte, maar ook leemtes ten opsigte van die SOS uitgewys. Samevattend kan die bevindings en gevolgtrekkings soos volg aangedui word:

Die SOS is *doeltreffend*, ten opsigte van hul samestelling. Hulle funksioneer *redelik doeltreffend* ten opsigte van:

i) doel en beleid
ii) gesindheid en interpersoonlike verhoudings
iii) infrastruktuur en hulpbronne
iv) vergaderings
v) algemene werkswyse, rol- en funksieverdeling
vi) hulpverlening aan die LLOH: Prosedures
vii) hulpverlening aan die LLOH: Rolspelers en hul funksies, sowel as
viii) hulpverlening aan die opvoeder en ouer/versorger.

Die SOS is *ondoeltreffend* ten opsigte van oriëntering en deurlopende opleiding van die SOS-lede en ander betrokkenes soos die klasopvoeder en ouers/versorgers. Tabel 5.1 bied 'n oorsig van hierdie bevindings en gevolgtrekkings.

**TABEL 5.1: DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE SOS SOOS GEËVALUEER IN DIE STUDIE: 'N OORSIG**

| Kriterium nommer | Kriterium | Doeltreffend | Redelik doeltreffend | Ondoeltreffend |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Doel en beleid | | √ | |
| 2. | Samestelling | √ | | |
| 3. | Gesindheid en ingesteldheid | | √ | |
| 4. | Infrastruktuur en hulpbronne | | √ | |
| 5. | Oriëntering en opleiding | | | √ |
| 6. | Vergaderings | | √ | |
| 7. | Algemene werkswyse, rol- en funksieverdeling | | √ | |
| 8. | Hulpverlening aan LLOH: prosedures | | √ | |
| 9. | Hulpverlening aan die LLOH: rolspelers en hul funksies. | | √ | |
| 10. | Hulpverlening aan die opvoeder | | √ | |
| 11. | Hulpverlening aan die ouer/versorger | | √ | |

## 5.4 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die bevindings en gevoltrekkings soos hierbo uiteengesit, kan die volgende aanbevelings gemaak word vir die verhoging van die SOS se doeltreffendheid in die geselekteerde skole.

### 5.4.1 AANBEVELINGS VIR DIE FUNKSIONERING VAN DIE SOS

- Alle betrokkenes by die funksionering van die SOS behoort bewus te wees van die nuwe benadering van IO en die praktiese implementering van hulpverlening aan LLOH binne hierdie raamwerk.
- Hulpverlening behoort meer voorkomend toegepas te word deur: (i) vroegtydige identifisering en assessering van moontlike LLOH en (ii) die aanbied van eerstevlakhulpverlening.
- Eerstevlakhulpverlening in faseverband behoort toegepas te word voordat verwysings na SOS-kernlede plaasvind. Die SOS behoort gespesialiseerde gevalle van hulpverlening te hanteer.
- Die werkslading en praktiese uitvoerbaarheid van die pligte van die SOSKO/LO behoort dringend ondersoek te word.
- ’n Duideliker interne werksverdeling behoort vir alle SOS-lede saamgestel te word.
- Ouer/versorger-ondersteuningsgroepe wat bestaan uit ouers/versorgers en die SOS, behoort gevorm te word sodat ouers/versorgers betrokke kan wees in die hulpverlening aan LLOH.
- SOS-lede behoort van ander buitemuurse aktiwiteite vrygestel te word sodat hulle geskeduleerde vergaderings kan bywoon.

### 5.4.2 AANBEVELINGS VIR OPLEIDING VAN SOS-LEDE, OPVOEDERS EN OUERS/ VERSORGERS

Die opleiding van SOS-lede, opvoerders en ouers/versorgers behoort die volgende in te sluit:

- Oriëntering ten opsigte van die volgende begrippe binne die IO-stelsel:
    - LLOH
    - IO-stelsel
    - IOOP
    - moniteringsproses by die SOS
- Oriëntering ten opsigte van die praktiese implementering van IO, die funksionering van die SOS en hulpverlening aan die LLOH
- Deurlopende opleiding aan die klasopvoeder ten opsigte van die behoeftes, hantering en onderrig van LLOH, sowel as die formulering en implementering van die IOOP

- Deurlopende opleiding vir SOS-lede en betrokkenes, op vasgestelde tye wat ook op die jaarprogram aangedui word
- Vrywillige basiese opleiding aan ongeletterde ouers/versorgers as deel van die hulpverlening deur die SOS.

### 5.4.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Daar word aanbeveel dat verdere navorsing op die volgende terreine onderneem word:

- Praktiese hindernisse ten opsigte van die rol en funksie van die LO wat in meer as een skool betrokke is by hulpverlening aan LLOH.
- Die mate waarin klasopvoeders toegerus is om aan LLOH binne die IO-stelsel hulp te verleen.
- Die rol en funksie van die distriksondersteuningspan binne die IO-stelsel.
- Die rol en funksie van die gespesialiseerde leersentrums as bronnesentrums vir opvoeders van LLOH in gewone onderwys.
- Ontwikkeling van tuisprogramme vir ouers/versorgers en LLOH as bykomende ondersteuning vir die LLOH.

## 5.4 SINOPSIS

### 5.5.1 AANSPREEK VAN NAVORSINGSPROBLEEM

#### 5.5.1.1 Primêre navorsingsprobleem

Hierdie studie se vertrekpunt was die verkenning, beskrywing en evaluering van die doeltreffendheid van die SOS as een van die ondersteuningstelsels vir hulpverlening binne die IO-stelsel. Die rol en funksie van die SOS in die hulpverlening aan die LLOH, opvoeders en ouers/versorgers, speel in die nuwe onderwysbenadering 'n deurslaggewende rol.

Die studie het voortgespruit uit die navorser se ervaring, belangstelling en vraag na die mate waarin die nasionale en provinsiale beleid ten opsigte van die SOS as ondersteuningstelsel in die skool, doeltreffend in skole toegepas word. Die primêre navorsingsprobleem was soos volg geformuleer:

Hoe doeltreffend vervul die skoolondersteuningspan sy funksie in die onderrig en leer van leerders met leer- en ontwikkelingshindernisse binne die raamwerk van die inklusiewe onderwysstelsel?

Die primêre navorsingprobleem omsluit ’n in-diepte studie na die wesenlike aspekte van die SOS en wat deur hul onderlinge samewerking die vlak van die funksionering van dié span beïnvloed. Binne die raamwerk van die IO-stelsel is daar sekere basiese beginsels wat in onderrig en leer gevolg moet word; des te meer in die onderrig en leer van die LLOH (vgl Venter 2007:6-13).

Die bevindinge van hierdie studie wat in vyf geselekteerde skole uitgevoer is, toon dat die samestelling van die SOS *doeltreffend* gedoen word. Op nege terreine funksioneer die SOS in die onderrig en leer van LLOH binne die IO-stelsel, *redelik doeltreffend* terwyl die oriëntering en opleiding van die SOS, opvoeders en ouers/versorgers *ondoeltreffend* is (vgl 5.3; Tabel 5.1).

#### 5.5.1.2 Sub-navorsingsprobleme

Verskeie sub-navorsingsprobleme het uit bogenoemde navorsingsprobleem voortgevloei en is aan die hand van die volgende vrae ondersoek in vyf skole waar die SOS reeds geïmplementeer is:

1. In watter mate is die nasionale en provinsiale beleid ten opsigte van die funksionering van die SOS doeltreffend geïmplementeer?
2. Hoe doeltreffend vervul die SOS sy rol ten opsigte van die ondersteuning van:

i) die leerproses en holistiese ontwikkeling van die LLOH.
ii) die funksionering van die opvoeder in die onderrig aan die LLOH.
iii) die rol van die ouer/versorgers ten opsigte van die LLOH?

Die beantwoording van bogenoemde vrae kon eers plaasvind na die data-insameling in die vyf skole, die data-analise en data-interpretasie binne die raamwerk van die 5 geïdentifiseerde temas en 22 subtemas (vgl Hoofstuk 4). Die elf ontwikkelde doeltreffendheidskriteria is op die toepaslike data toegepas, waarna die doeltreffendheid van die SOS in terme van die sub-

navorsingsvrae beantwoord kon word (vgl 5.2). Die resultate van die toepassing van die doeltreffendheidskriteria op die subvrae is soos volg:

**1. In watter mate is die nasionale en provinsiale beleid ten opsigte van die funksionering van die SOS doeltreffend geïmplementeer?**

Die nasionale en provinsiale beleid ten opsigte van die funksionering van die SOS is *redelik doeltreffend* geïmplementeer (vgl 4.4.1; 5.2.1). Die beleidsdokumente is deur die meeste skole ontvang en aan die betrokkenes beskikbaar gestel. Praktiese uitdagings kom egter by die implementering van SOS-doelstellings en beleid voor en probleme is geïdentifiseer ten opsigte van die praktiese uitvoerbaarheid daarvan, beperkte hulp deur opvoeders en ouers/versorgers, invloede uit die omgewing, beperkte kennis by sommige opvoeders ten opsigte van die werkswyse van die SOS, die onbewustheid van die bestaan van die SOS by sommige ouers/versorgers en gebrekkige kommunikasie tussen die departement en sommige van die skole in verband met beleidsake (vgl 5.2.1.[iii]).

**2.(i) Hoe doeltreffend vervul die SOS sy rol ten opsigte van die ondersteuning van die leerproses en holistiese ontwikkeling van die LLOH?**

Die SOS vervul sy rol ten opsigte van die ondersteuning van die leerproses en holistiese ontwikkeling van die LLOH *redelik doeltreffend* (vgl 5.2.8;5.2.9). Die LLOH word geïdentifiseer, hulpverlening en monitering word toegepas, terwyl terugvoering aan betrokkenes gegee word. Die DOS en gemeenskap is ook betrokke by die hulpverlening. Praktiese uitdagings kom wel voor, waaronder die beskikbaarheid, implementering, hersiening en aanpassing van die IOOP vir die LLOH (vgl ook 4.5.2.2).

**2.(ii) Hoe doeltreffend vervul die SOS sy rol ten opsigte van die ondersteuning van die funksionering van die opvoeder in die onderrig aan die LLOH?**

Die vervulling van die SOS se rol ten opsigte van die ondersteuning van die funksionering van die opvoeder in die onderrig aan die LLOH word as *redelik doeltreffend* beskou. Samewerking, besprekings en terugvoering tussen die SOS en opvoeders ten opsigte van die hulpverlening aan die LLOH vind plaas. Alhoewel opvoeders soms opleiding en hulp in die hantering en hulpverlening aan die LLOH ontvang, is dit nie voldoende vir die opvoeders nie

(vgl 4.5.2.3). Verder word die rol van die SOS in die beskikbaarstelling en implementering van die IOOP deur opvoeders as problematies beskou (vgl 5.2.10 [iii]).

**2.(iii) Hoe doeltreffend vervul die SOS sy rol ten opsigte van die ondersteuning van die rol van die ouer/versorger ten opsigte van die LLOH?**

Die SOS se ondersteuning van die rol van die ouer/versorger ten opsigte van die LLOH, word as *redelik doeltreffend* beskou (vgl 5.2.11). Die SOS en gemeenskap ondersteun die ouers/versorgers in hul finansiële behoeftes ten opsigte van die LLOH, gee terugvoer ten opsigte van hulpverlening en gee opleiding in algemene sake. Onbetrokkenheid by die hulpverlening aan die LLOH, ongeletterdheid van ouers/versorgers, onvoldoende oriëntering ten opsigte van die SOS, onsuksesvolle kommunikasie sowel as ’n gebrek aan gesamentlike verantwoordelikheid tussen ouers/versorgers en die SOS is as praktiese uitdagings uitgewys (vgl ook 4.5.2.4).

### 5.5.2 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Sekere beperkings is tydens die studie ondervind waaronder die volgende:

1. Volgens die departementele beleid ten opsigte van data-insameling vir navorsing, kon die studie slegs in die tweede en derde skoolkwartale onderneem word. Data-insameling tydens al die skoolkwartale sou moontlik die diepte van die studie beïnvloed het.

2. Sommige van die fokusgroep-deelnemers, wat verteenwoordigend van en uit verskillende geselekteerde skole afkomstig is, kon om praktiese redes nie die vasgestelde onderhoudskedule volg nie. Die gevolg was dat fokusgroepe nuut saamgestel moes word. Die beplande fokusgroepe sou uit sewe tot nege lede elk bestaan het. Die fokusgroepe wat wel gerealiseer het was kleiner en het elk uit twee tot vier lede bestaan. Die fokusgroepe was bedoel om verteenwoordigend van die verskillende skole te wees, maar in die praktyk was slegs SOS-lede en opvoeders van dieselfde skool tegelyk beskikbaar vir die fokusgroeponderhoude. Dit het meegebring dat meer fokusgroeponderhoude gevoer moes word om die nodige data in te win. Verder was die samestelling van een van die fokusgroepe problematies, aangesien ’n senior bestuurslid en ’n posvlak 1-opvoeder een groep verteenwoordig

het. Dit het veroorsaak dat die posvlak 1-lid nie werklik aan die onderhoud deelgeneem het nie en meestal deur die senior lid oorskadu is.

3. Aangesien hierdie studie kwalitatief van aard was, kon die navorser haar nie distansieer van die fenomeen wat ondersoek is nie. Dit het meegebring dat ’n mate van subjektiwiteit ingetree het. Deelnemer- en navorserseffek het dus beperkend ingewerk. Binne die interpretatiewe paradigma word hierdie “beperking” egter ook soms as ’n sterk punt beskou.

4. Deelnemers aan die studie kan nie as verteenwoordigend van die totale onderrig- en leeromgewing beskou word nie, maar eerder as ’n geselekteerde groep uit dié omgewing. Gevolglik kan die bevindinge nie as universeel geldig beskou word nie, wat as ’n beperking beskou kan word. In die studie is konstrukgeldigheid egter hoër geag as veralgemeenbaarheid.

### 5.5.3 BYDRAES VAN DIE STUDIE

Die volgende word beskou as bydraes van hierdie studie:

1. Die studie het van uitgebreide data-insamelingsmetodes gebruik gemaak binne ’n kwalitatiewe navorsingsraamwerk. Bronne, waaronder beleidsdokumente en verslae van die geselekteerde SOS’e, is tot die navorser se beskikking gestel. Gestruktureerde vraelyste wat gebruik is om agtergrondsinligting oor die geselekteerde skole in te win, sowel as direkte inligting ten opsigte van die funksionerende SOS, is volledig ingevul en terugbesorg. In-diepte individuele en fokusgroeponderhoude is gevoer met geselekteerde deelnemers Hierdeur het die deelnemers ook tot die vertrouenswaardigheid van die studie bygedra. ’n Redelike volledige en komplekse beeld van dit wat ondersoek is, naamlik die doeltreffendheid van die SOS is as eindproduk aangebied.

2. Tydens onderhoudvoering is daar gebruik gemaak van ’n sub-moderator (nie-deelnemende waarnemer) wat bekend is met navorsings-metodologie. Die persoon het die klanktoerusting en video-opnames sowel as sleutel-aantekeninge oor plasings

van deelnemers en hul spreekbeurte tydens die onderhoude hanteer. Dit het bygedra tot meer volledige en gefokusde onderhoudvoering.

3. ŉ Vertrouensverhouding tussen deelnemers en navorser het tydens die studie tot stand gekom wat bygedra het tot 'n hoë geldigheid en 'n "binne" perspektief. Alhoewel die studie nie veralgemeen kan word nie, het die deelnemende en samehorige aard van die ontwerp wanopvattings en wantroue verminder en bygedra tot groter vertroue en geloofwaardigheid.

4. Aangesien die ondersoekterrein nog relatief nuut is, is navorsing op hierdie terrein nog beperk. Verdere navorsing ten opsigte van ondersteuningshulpdienste aan die LLOH binne IO, sal moontlik uit die studie kan voortvloei.

## 5.6 SLOTOPMERKINGS

Hierdie studie het gepoog om die doeltreffendheid van die SOS as belangrike komponent binne die IO-stelsel na te vors en te evalueer. Dit is noodsaaklik dat die SOS maksimaal doeltreffend funksioneer ten einde die IO-stelsel werklik suksesvol te implementeer. Deur doeltreffend te wees, kan die SOS 'n betekenisvolle bydrae lewer om LLOH in hul diversiteit en uniekheid, waardigheid, reg tot eie keuses, individuele vermoëns tot sukses en buigbaarheid, binne hul sosiale konteks[23] te ontwikkel, om sodoende hul plek as volwaardige landsburgers vol te staan. Alhoewel hierdie studie slegs in 'n beperkte aantal skole uitgevoer is en net op bepaalde aspekte gefokus het, word vertrou dat dit wel 'n bydrae kan lewer in die verwesenliking van so 'n lofwaardige ideaal.

---oOo---

[23] Vgl 1.5.